



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

## Programmatuuringenieurswese 301 (COS 301)

|                               |  |
|-------------------------------|--|
| <b>Kwalifikasie</b>           | Voorgraads   |
| <b>Fakulteit</b>              | <a href="#">Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie</a>  |
| <b>Modulekrediete</b>         | 27.00  |
| <b>Programme</b>              | <a href="#">BIS Multimedia</a><br><a href="#">BIT Inligtingtegnologie</a><br><a href="#">BSc Inligting- en Kennisstelsels</a><br><a href="#">BSc Rekenaarwetenskap</a> |
| <b>Voorvereistes</b>          | COS 212 en COS 214   |
| <b>Kontaktyd</b>              | 1 praktiese sessie per week, 2 lesings per week  |
| <b>Onderrigtaal</b>           | Module word in Engels aangebied  |
| <b>Akademiese organisasie</b> | Rekenaarwetenskap  |
| <b>Aanbiedingstydperk</b>     | Jaar   |

### Module-inhoud

Hierdie module stel studente bloot aan probleme wat geassosieer word met programmatuurontwikkeling op 'n industriële vlak. Die doel van die module is: om blootstelling aan die nuutste ontwikkeling in programmatuuringenieurswese te bekom; om die proses van programmatuuringenieurswese te verstaan en die kompleksiteit daarvan te waardeer; om blootgestel te word aan 'n verskeidenheid van metodologieë om die verskeie stadia van die programmatuur-lewensiklus te hanteer; om die konsepte van stelseladministrasie en onderhoud te verstaan en toe te pas; om 'n redelike omvangryke objekgeoriënteerde programmatuurprodukt te voltooi. Die fokus van die module is 'n projek wat die hele jaar duur. Die projek word in groepsverband voltooi, die groepe bestaan uit ongeveer vier (4) studente. Die projek leer studente om verantwoordelikheid vir verskeie rolle in 'n groep te neem, en om die verskillende vereistes van die rolle te verstaan; om die voordele en probleme van werk in groepsverband te ervaar, asook professionaliteit ten opsigte van kollegas en kliënte. Na die suksesvolle voltooiing van die module sal studente in staat wees om: die sielkunde van 'n kliënt te verstaan; in groepsverband te kan werk; 'n waardering vir beplanning, ontwerp, implementering en onderhoud van groot projekte te hê. Hierdie vaardighede behoort studente in staat te stel om programmatuurontwikkeling in 'n korporatiewe omgewing te hanteer.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.